sapapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2015

# VISUELE KUNSTE V1

**PUNTE:** 100

**TYD:** 3 uur

*IVSLAA*

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.

## RIGLYNE

Dit word in hierdie eksamen van jou verwag om die volgende te demonstreer:

- Die gebruik van korrekte **kuns-terminologie**
- Die gebruik en aanwending van **visuele analise** en **kritiese denke**
- **Skryf-** en **navorsingsvaardighede** binne 'n **historiese en kulturele verband**
- Die plasing van spesifieke voorbeelde binne 'n **kulturele, sosiale en historiese verband**
- **Die begrip van kenmerke/besondere kreatiewe styl**
- Die identifisering van die **professionele praktyk** van plaaslike kunstenaars

## INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord:

1. Daar is AGT vrae op hierdie vraestel.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Vrae en onderafdelings moet duidelik en korrek genommer word.

4. Vrae verskyn op die linkerhandse bladsye, met visuele bronne op die regterhandse bladsye.

5. Maak seker dat jy na die gereproduseerde visuele bronne verwys waar dit verlang word.

6. Inligting reeds in een vraag bespreek, sal nie punte verdien indien dit in ander antwoorde herhaal word nie. Kruis-verwysings na kunswerke is toelaatbaar.

7. Benoem die kunstenaar en titel van elke kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die benaming van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Antwoord in volsinne en paragrawe, volgens die instruksies vir elke vraag. MOET NIE PUNTSGEWYS ANTWOORD NIE.

**WOORDELYS**

**Gebruik die volgende woordelys-terme om te verseker dat jy verstaan hoe om ʼn spesifieke vraag te benader:**

| | |
|---|---|
| **Evalueer:** | Dui die RELEVANTE positiewe, negatiewe, elemente en beginsels van die werk aan en gee tot ʼn mate evaluerende kommentaar oor waarom en hoe dit slaag al dan nie, in die breër prentjie van kunsgeskiedenis oor die algemeen, d.w.s. jy moet in staat wees om die groot prentjie van wêreldkuns te sien om evaluerende kommentaar te lewer. |
| **Analiseer:** | ʼn Uitvoerige en logiese bespreking van die formele elemente soos lyn, kleur, toon, formaat en komposisie van die kunswerk, met insigryke kommentaar oor waarom en hoe dit slaag. |
| **Vergelyk:** | Dui verskille en ooreenkomste aan in ʼn ordelike volgorde binne dieselfde argument. |
| **Kontekstualiseer:** | Verband tot, of afhanklikheid van die inligtingsraamwerk; verband tot die situasie, tyd (era) en plek waartoe die inligting behoort. |
| **Sê:** | Stel direk wat jy dink – gee jou mening sowel as ʼn verduideliking. |
| **Bespreek:** | Bied jou standpunt met redes vir jou stellings aan. |
| **Verduidelik:** | Verskaf verklarende redes met jou uiteensetting. |
| **Interpreteer:** | Analiseer en evalueer (verskaf ʼn ingeligte mening) ʼn kunswerk. Plaas dit binne historiese, kulturele, sosiale ens. verband en staaf jou bevindings deur na spesifieke soortgelyke voorbeelde te verwys. |
| **Staaf:** | Om te bevestig met ondersteunende bewyse. |
| **Vermeld:** | Verskaf presiese feite en sê reguit wat jy dink – gee jou mening asook ʼn verduideliking. |
| **Visuele bronne:** | Die gereproduseerde afbeeldinge wat in die eksamensvraestel verskaf word. |

## VRAAG 1: OORSIG VAN DIE 19^de^-EEUSE KUNS IN EUROPA

*Vanaf die 1750's tot in die vroeë 1900's, het minstens ses verskillende bewegings in kuns mekaar in Europa oorvleuel. Sommige van die bewegings het vanuit mekaar voortgevloei, terwyl ander sterk reaksionêr tot mekaar was. Daar is meesal duidelike kenmerke wat elkeen hiervan van mekaar onderskei.*

1.1 Vertel in ongeveer 'n halwe bladsy hoe die inhoud van die skildery van FIGUUR 1a, uit die Neo-klassieke era, die publiek sou kon opvoed as 'n intellektuele boodskap. Verwys ook na die tipiese kenmerke van die kunstenaars se benadering tydens die era. (6)

1.2 Verduidelik die benadering van Ingres in die werk van FIGUUR 1b, om aan te toon hoe sy styl soveel treffende impak het. (4)

1.3 Bespreek die tegniese hantering van vorms, toonwaardes en die weergee van kleur in hierdie skildery van William Turner in FIGUUR 1c. Verduidelik sy styldoelwit. (4)

1.4 Analiseer in 'n kort opstel van minstens twee paragrawe die Suid-Afrikaanse werk van FIGUUR 1d met verwysing na Europese invloed in TEGNIEK, sowel as betekenis. Benoem die individuele werke terwyl jy besig is met analisering. (6)

**[20]**




**FIGUUR 1a:** Jacques L. David*, "Die Inhuldiging van Napoleon"*, 1807, Olie op doek



**FIGUUR 1b:** Raphael, "*Die Skool van Athene"*, Vatikaanstad, 1510-11, Fresco



**FIGUUR 1c:** William Turner, "*Die Brand van die Parlementshuise",* 1835, Olie op doek



**FIGUUR 1d:** Durant Sihlali, *"Steenkool werkers"*, Waterverf

## VRAAG 2: DIE GEBOORTE VAN MODERNISME

*Tradisioneel is geglo dat orde gehandhaaf kan word deur geen verandering toe te laat sonder deeglike ondersoek nie. Gevolglik is pogings tot verandering meesal met soveel agterdog bejeën, dat vernuwing meesal genadeloos hanteer is soos 'n weermag met 'n oorlogsvyand sou doen. Om die rede word daar op kunsgebied na kunstenaars wat nuwe benaderings begin, verwys as AVANT-GARDE, omdat hulle die moed openbaar om op te tree asof hulle die voorste eenheid in die weermag is, teenstand ten spyt.*

2.1 Sien FIGUUR 2a. Beskryf wat in verband met die beeldhouwerkie van Edgar Degas, *Klein Danser,* op moed dui van die kunstenaar om vernuwing in te lui, terwyl jy die kenmerke van tradisionele beeldhouwerk herroep. (4)

2.2 Vertel wat Rodin se werk, *Die Denker,* in FIGUUR 2b, so avant-garde maak. (2)

2.3 Bespreek en verduidelik die invloed van Fauvisme en die aanloop tot Kubisme in hierdie skildery van Medzinger in FIGUUR 2c, *Vrou met 'n Hoed,* in minstens 'n halwe bladsy. (8)


2.4 Evalueer in minstens 'n halwe bladsy die werk *Feesviering,* van George Pemba in FIGUUR 2d. Toon insig om deur in kulturele konteks te plaas.

Staaf hoe sy benadering in styl en tegniek die werk suksesvol maak. (6)


**[20]**



**FIGUUR 2a:** Edgar Degas, "*Klein Danser, van 14 Jaar*", 1881



**FIGUUR 2b:** August Rodin, "*Die Denker*", (1880–1902 ca.)



**FIGUUR 2c:** Jean Metzinger, "*Vrou met 'n Hoed*", 1906, Olie op doek



**FIGUUR 2d:** George Pemba, "*Feesviering*", 1965, Olie op doek op bord

## VRAAG 3: VROEG 20ste-EEUSE KUNS

*Talle veranderinge het mekaar al vinniger en vinniger in die laat 1900's in politiek, verstedeliking, industrialisering, energiebronne, ontdekkingsreise selfs in die buitenste ruim en baie meer opgevolg.*

*Massamedia is nog 'n ontwikkeling wat die mensdom met 'n vloedgolf getref het. Individuele kunstenaars moes kies watter rol elkeen in die veranderende wêreld sou probeer vervul.*

*Kirchner het uitdrukking gegee aan depressie en so was elemente in sy werke dikwels simbolies.*

*Kadinsky het probeer om dieselfde effek by 'n kyker te verkry as wat 'n pragtige musiekstuk op 'n luisteraar sou hê.*

3.1 Neem die werk van Henri Matisse, *Stillewe met Malvas* in FIGUUR 3a waar. Definïeer waar en hoe hy in sy benadering die lewe probeer hanteer of weergee. (3)

3.2 Herroep die kenmerke van Ernst L. Kirchner se styl en beskryf wat jy aangaande betekenis aflei uit *Erna met Sigaret*, soos te sien in Erna met Sigaret in FIGUUR 3b. (5)

3.3 Verduidelik in minstens 'n halwe bladsy, met verwysing na die bostaande aanhaling, die hantering van kunselemente en beginsels in die werk van FIGUUR 3c, deur Wassily Kadinsky, naamlik *Composition VI*. (6)

3.4 Benoem die styl en fase waaronder die kunswerk van Georges Braque in FIGUUR 3d, *Violin and Candlestick,* resorteer. Analiseer in minstens 'n halwe bladsy die elemente en beginsels wat daarin aangewend is. (6)

**[20]**



**FIGUUR 3a:** Henri Matisse, "*Stillewe met Malvas",* 1910, Olie op doek



**FIGUUR 3b:** Ernst L. Kirchner, "*Erna met Sigaret",* 1930, Olieverf



**FIGUUR 3c:** Wassily Kadinsky, "*Kompo-VI",* Olie op doek, 1913



**FIGUUR 3d:** Georges Braque, *sisie "Viool en Kandelaar"*, 1910

## VRAAG 4: ARGITEKTUUR

*Sekere kunstenaars en argitekte van vaste style, het 'n groot invloed op die Internasionale styl van argitektuur gehad. Sommige van hierdie voorlopers het besondere onderrig gegee aan toekomstige argitekte van die Moderne en Post-eras.*

4.1 Skryf 'n kort opstel van minstens 'n halwe bladsy, waarin jy verwys na die gebou in FIGUUR 4a en die styl, asook kenmerke daarvan benoem. Herroep en vertel waarteen hulle gekant was en waarin hulle geglo het. (6)

4.2 Le Corbusier was van mening dat 'n huis 'n masjien is om in te woon. Bespreek die huis van FIGUUR 4b om te verduidelik hoe hy daarin geslaag het om aan die mening reg te laat geskied in ongeveer 'n driekwart bladsy. (8)

4.3 Vergelyk die hantering van kunselemente in die ontwerp en konstruksie van die Hoë Tegnologie-gebou van FIGUUR 4c en die Dekonstruktivisme in die gebou van FIGUUR 4d.

Verwys in minstens 'n halwe bladsy na die volgende:

- Lyn
- Vorm
- Ruimte
- Tekstuur
- Effekte van bepaalde toegepaste beginsels (6)

**[20]**



**FIGUUR 4a:** Gerrit Rietveld, *Schroeder House,* Utrecht, Holland, 1922



**FIGUUR 4b:** Le Corbusier, *Villa Savoye,* Poissy naby Parys, 1929–1931



**FIGUUR 4c:** Richard Rogers, *Lloyds gebou,* Londen, 1986



**FIGUUR 4d:** Frank Gehry, *House Santa Monica, Kalifornië* 1978

## VRAAG 5: TUSSEN DIE TWEE WÊRELDOORLOË

*Die skrywer Ernst Hemingway het gesê dat die meer as vier jaar lange Eerste Wêreldoorlog, die moorddadigste slagting ooit op aarde was. Dit was ook die wydverspreidste oorlog ooit bekend in die wêreld.*


5.1 Herroep die invloed van die Eerste Wêreldoorlog en beskryf hoe elkeen van die twee Dadaïste van FIGURE 5a en 5b hul rebelse woede in hul tegniese benadering van die onderskeie werke uitgedruk het. Benoem elkeen by jou vertelling van ongeveer ʼn driekwart bladsy. (8)

5.2 Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die kunstenaar van die werk in FIGUUR 5c weggekruip en hierdie skildery geskep toe die Duitsers Parys binnegeval het. Bespreek in ʼn halwe bladsy sy toegepaste tegniek in die lig van die styl wat vanuit Dada ontstaan het. (6)

5.3 Benoem en interpreteer ʼn Surrealistiese werk van jou keuse deur ʼn Suid-Afrikaanse kunstenaar. Jy mag die een in FIGUUR 5d gebruik. Onthou die volgende:

- Benoem die werk en kunstenaar
- Verwys na spesifieke kenmerke van Surrealisme in die werk
- Staaf jou interpretasie
- Minstens ʼn halwe bladsy word verwag (6)

**[20]**



**FIGUUR 5a:** Hausman, "*ABCD*", (Self-portret),'n Foto-montage van 1923–24




**FIGUUR 5b:** Marcel Duchamp, *"L.H.O.O.Q."*, Potlood op 'n reproduksie van die Mona Lisa, 1919



**FIGUUR 5c:** Max Ernst, "*Europa na die Reën",* 1938



**FIGUUR 5d:** Judith Mason: *"Onse Dame van die Deurgangskamp",* 2004 – 2007, Olie op Bord

## VRAAG 6: OORSIG VAN POST-1946 KUNS


*Tydens die Tweede Wêreldoorlog het talle mense uit Europa na Amerika gevlug. Van die kunstenaars onder hulle het rasionele en formalistiese neigings gehad, terwyl ander anti-rasioneel en emosioneel was. Hoewel hierdie Europese kunstenaars direkte teenoorgesteldes was, het Amerikaanse kunstenaars beide groepe as invloede aanvaar.*

6.1 Vertel in ’n kort opstel waartoe die benadering van Mondrian ontwikkel het in sy werk van FIGUUR 6a in die besondere tendens of beweging waarbinne hy homself met hierdie werk geskaar het. (6)

6.2 Bespreek in ongeveer een driekwart bladsy die werke van FIGURE 6b en 6c, om jou insig in die styl-benaderings van De Kooning en Pollock onderskeidelik te toon. Benoem duidelik die werk waarna jy verwys wanneer jy die benadering, media en resultaat van elk verduidelik. (8)

6.3 Vergelyk in ongeveer ’n halwe bladsy die twee abstrakte werke van FIGURE 6c en 6d ten opsigte van die hantering van kunselemente en die toepassing van kunsbeginsels. (6)

**[20]**



**FIGUUR 6a:** Mondrian, "*Broadway*, *Boogie Woogie",* 1942–43, Olie op doek



**FIGUUR 6b:** De Kooning, "*Vrou III",* 1950–52, Olie op doek



**FIGUUR 6c:** Jackson Pollock, "*Blou Pale: Nommer 11",* 1952, Glas, Olie- en Emaljeverf op doek, 212,1 cm × 488,9 cm



**FIGUUR 6d:** Mark Rothko *"Oranje, Rooi, Geel"*, 1961, Akriel op skilderdoek, Sintetiese polimeerverf op bord

## VRAAG 7: NUWE MEDIA

*Daar is voortdurend nuwe invloede in die moderne wêreld en wat vandag nuut is, kan letterlik môre dalk as outyds beskou word. Omdat bekende media nie meer deur almal as relevant beskou word nie en dalk as vervelig, outyds of nutteloos verwerp kan word, het kunstenaars dus die neiging om gedurig nuwe benaderings en media aan te wend.*

7.1 Vertel in ongeveer 'n halwe bladsy hoe Calder sy mobiele beeldhouwerke op verskillende wyses geaktiveer het. Sien sommiges in FIGUUR 7a. (6)

7.2 Bespreek hoe Riley eerder kragte wou weergee soos wat sy dit waargeneem het, as om statiese voorkoms weer te gee. Verwys na die werk van FIGUUR 7b in jou bespreking van minstens 'n halwe bladsy. (8)


7.3 Interpreteer in ten minste 'n halwe bladsy, besondere kenmerke van Superrealisme, en staaf dit soos te sien in die werk van FIGUUR 7c, met verwysing na buitengewone media.

Benoem en beskryf ook 'n hiper-realistiese skildery wat jy bestudeer het en interpreteer die andersoortige uitbeelding soos dit in hierdie tipe skilderye en beeldhou-werke na vore kom.


Verwys ook na die volgende:

- Onderwerpmateriaal
- Interaksie/impak (6)

**[20]**



**FIGUUR 7a:** Alexander Calder-kamer in Nasionale Kunsgalery in Washington, D.C.



**FIGUUR 7b:** Bridget Riley, *"Katarak 3", 1967*




**FIGUUR 7c:** Duane Hanson, *Man on Lawnmower*, life size, 1995

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 8: DIE KUNSWÊRELD

*Waar is die kunswêreld? Slegs in die kunstenaar se ateljee en in galerye? Wat dan van die model wat deur die kunstenaar gebruik word? Wat van die toneel wat hom geïnspireer het? Wat van die gebeurtenis of ervaring wat hom beïnvloed het? Wat van diegene wat met die kunstenaar verkeer of tussen die kunsprodukte heen beweeg en leef? Wie doen en wie ervaar? Waar is die kunswêreld dus? Wie is deel hiervan?*

8.1 Met verwysing na die werk in FIGUUR 8a, definieer die inspirasie asook die ervaring van die kunstenaar en daarna die betrokkenheid van die kyker. (4)

8.2 Met die moontlike doel van die kunstenaar van die werk in FIGUUR 8b in gedagte, beskryf die toepassing van kunsbeginsels en bepaal die trefkrag wat hy daardeur bereik het. (4)

8.3 Bepaal in ongeveer 'n halwe bladsy aangaande die werk van FIGUUR 8c, hoe Banksy die publiek betrek, in verband met die volgende:

- Nuwe Media
- Effektiewe toepassing van kunsbeginsels
- Maatskaplike waarde (6)

8.4 Benoem 'n werk in Nuwe Media wat jy bestudeer het, wat nie in hierdie vraestel voorkom nie en beskryf en evalueer dit in minstens 'n halwe bladsy.

Jy mag na die volgende verwys:

- Doel
- Impak
- Waarde (6)

**[20]**



**FIGUUR 8a:** Jeff Koons, *"'n String Hondjies",* Geverfde keramiek en houtbeeld (2d Cir. 1992)



**FIGUUR 8b:** William Wegman, "*Fay Ray*", 1988, Silwer Gelatien-afdruk



**FIGUUR 8c:** Banksy, *"Die Omhelsing"*, Graffito muurskildering

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

sapapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2015

# VISUELE KUNSTE V1 MEMORANDUM

**PUNTE: 100**

Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.

## RIGLYNE

Dit word van die KANDIDAAT verwag om die volgende te demonstreer:

- Enige **VYF** vrae te beantwoord vir 'n totaal van 100 punte.
- Vrae en onderafdelings duidelik en korrek te **nommer**.
- Inligting reeds bespreek in een vraag, **nie te herhaal** in ander antwoorde nie. Indien herhaal, word punte slegs die eerste maal toegeken. Kruisverwysings na kunswerke is toelaatbaar.
- Dat antwoorde in **volsinne en paragrawe sal wees,** volgens die instruksies vir elke vraag. PUNT-TABELLE SAL MINIMALE PUNTE VERWERF.
- Die gebruik van korrekte **kunsterminologie**.
- Die gebruik en implementering van **visuele analise** en **kritiese denke**.
- **Skryf** en **navorsingsvaardighede** binne 'n **historiese en kulturele konteks**.
- Plasing van spesifieke voorbeelde binne 'n **kulturele, sosiale en historiese konteks**.
- 'n **Begrip van eienskappe/besondere kreatiewe styl**.
- Die identifisering van die **professionele praktyk** van plaaslike kunstenaars.

Dit word verwag van die MERKER om die volgende te demonstreer:

- Aanvaarding van bewese beredenering binne die konteks van die vraag
- Inligting in gedagte te hou wat reeds bo-aan sommige vrae verskaf is
- Om na te sien volgens bostaande riglyne aan die kandidate verskaf
- Om in te sien dat hierdie memorandum beide dien as riglyn vir merkers asook as onderrighulpmiddel. Vir hierdie rede is die inligting van sommige antwoorde in groter diepte en inligting rakende ander antwoorde, mag bloot voorgestelde riglyne wees
- Om leerlinge te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te diskrediteer vir wat hulle nie weet nie
- Om te verwys na die Visuele Kunste se SAG dokument raamwerk (bl. 24) as riglyn om prestasievlakke te assesseer.

## VRAAG 1: OORSIG VAN DIE 19de-EEUSE KUNS IN EUROPA

*Vanaf die 1750's tot in die vroeë 1900's, het minstens ses verskillende bewegings in kuns mekaar in Europa oorvleuel. Sommige van die bewegings het vanuit mekaar voortgevloei, terwyl ander sterk reaksionêr tot mekaar was. Daar is meesal duidelike kenmerke wat elkeen hiervan van mekaar onderskei.*

1.1 *Hierdie is 'n lae-orde vraag. In ongeveer 'n halwe bladsy moet vertel word hoe die inhoud van die skildery van FIGUUR 1a, uit die Neo-Klassieke era, die publiek sou kon opvoed as 'n intellektuele boodskap, met verwysing na die tipiese kenmerke van kunstenaars se benadering tydens die era*:

Dat Neo-Klassieke werke gekoppel was aan politieke gebeure, dui daarop dat die publiek se ondersteuning van Napoleon aangemoedig moes word, dus is die werk ernstig van aard om te slaag as propaganda. In plaas van die ligsinnige en speelse atmosfeer van die Rococo, dra die grootse Klassieke argitektuur en deftige klere by tot die waardigheid van Napoleon. Verdere kenmerke is die kalm, statiese houdings van die figure as ONDERWERP; die gebalanseerde en geordende KOMPOSISIE gebaseer op reghoekige vorms en driehoekige groeperings van figure; Harde en presiese buitelyne definieer die vorms duidelik en die gladde aanwending van verf sonder sigbare kwashale, maak die werk selfs geskik as model vir uitkerfwerk, danksy duidelike tekenkunde. Daar is sterk kontraste tussen die koel en sterk blou kleur en die warm geel en rooi, asook sterk kontraste tussen toonwaardes. Die intellektuele werk vertoon dus onemosioneel, sterk en objektief. (6)

1.2 *Hierdie is 'n medium orde vraag. Aangaande die kunstenaar se benadering in FIGUUR 1b, moet verduidelik word hoe sy styl soveel treffende impak het:*

Ingres het geglo dat tekenkuns alles bevat, behalwe kleur, dus het hy as't ware drie en 'n halwe kwarte aandag gegee aan tekenwerk in sy skilderye. Die simmetriese balans van die argitektuur, die diepte wat beklemtoon word deur herhaling van argitektoniese boë, die liniêre perspektief en die voorverkorting van figure en vorms, weerspieël duidelik sy fyn waarneming te sien aan die presisie van teëls in die voorgrond en die gekurfde patrone van die dak in die voorgrond. Selfs die standbeelde in die argitektuur is so fyn waargeneem, dat elkeen driedimensionele voorkoms het en alle lyne en vorms totaal oortuigend is, selfs duideliker as die werklikheid self en daarom soms gekritiseer as kil en kunsmatig in die obsessiewe presiese uitleg van komposisie-elemente. (4)

1.3 *Hierdie is ŉ medium orde vraag. Tegniese hantering van vorms, toonwaardes en die weergee van kleur in hierdie skildery van FIGUUR 1c, moet bespreek word asook ŉ verduideliking van sy styldoelwit:*

Alle vorms word atmosferies versmelt deur hierdie Romantikus en die illusie van rook en vlamme word in afwisselende toonwaardes van ryk kleure deur Turner weergegee, want sy doelwit was om uiterste effekte van storms, rotsstortings, vure en sonsondergange melodramaties en katastrofies weer te gee in sy skilderagtige styl. Die subtiele wasige laag-op-laag aanwending van kleur, skep ŉ illusie van atmosferiese lug wat lig van vlamme bevat waarin alle onderwerpe opgelos word. In sy keuse van kleure verdwyn die blou daglig ver in die agtergrond in die dramatiese borrelende donkergrys rookwolke, terwyl die verdoemende vlamme in wonderlike kleure weergegee word en die toeskouers majestueus verlig vertoon. Die donkerte van die regterkantste hoek beklemtoon die rampspoedige gevolge van die vernietigende brand en die gebeurtenis word kunstig omskep tot ŉ opwindende vortex, asof hy met gekleurde stoom skilder. (4)

1.4 *Hierdie is ŉ hoë orde vraag. In ŉ kort opstel van minstens twee paragrawe moet die Suid-Afrikaanse werk van FIGUUR 1d geanaliseer word met verwysing na Europese invloed in TEGNIEK sowel as betekenis:*

In werke van Sihlali kan dikwels aspekte van Neo-Klassisisme, Romantisisme en Realisme gesien word. In FIGUUR 1d is nie Neo-Klassieke eienskappe nie, maar sien ŉ mens in terme van onderwerp, Realisme, waar die werklikheid van steenkoolwerkers in die noodwendige ongesonde vuil stofwolke die kyker betrek. In die voorgrond is die TEGNIEK baie dieselfde as die van Turner in **FIGUUR 1c**, dit wil sê ŉ aspek van Romantiek, waar deursigtige lae die illusie skep van water wat oor die steenkool beweeg, as gevolg van die werk met die skepgraaf. In Sihlali se werk is die kleure egter nie tiperend van Romantiek nie, maar eerder van die neerdrukkendheid van die werksomstandighede, wat weer verwys na Realisme. Van Impressionisme kan ook die invloed van ŉ moment in tyd gesien word, sowel as aan die wasige rande van die werker se rug en been en aan die treinwa se kort rand naaste aan die middel van die komposisie. (6)

**[20]**

## VRAAG 2: DIE GEBOORTE VAN MODERNISME

*Tradisioneel is geglo dat orde gehandhaaf kan word deur geen verandering toe te laat sonder deeglike ondersoek nie. Gevolglik is pogings tot verandering meesal met soveel agterdog bejeën, dat vernuwing meesal genadeloos hanteer is soos 'n weermag met 'n oorlogsvyand sou doen. Om die rede word daar op kunsgebied na kunstenaars wat nuwe benaderings begin, verwys as AVANT-GARDE, omdat hulle die moed openbaar om op te tree asof hulle die voorste eenheid in die weermag is, teenstand ten spyt.*

2.1 *Hierdie is 'n lae-orde vraag. Daar moet beskryf word wat in FIGUUR 2a op moed dui van die kunstenaar om vernuwing in te lei, terwyl die kenmerke van tradisionele beeldhouwerk herroep word.*

Die beeldjie is tweederdes van lewensgrootte en die skelet het Degas uit verfkwaste gemaak en oorspronklik in was opgebou, wat 'n buitengewone keuse vir beeldhou medium was in daardie tyd. Dit is geklee in 'n regte bolyfie, tutu en balletskoentjies, met 'n pruik van egte hare. Die haarlint en tutu is nie in was gegiet nie. Daar is na Degas se dood 28 brons afgietsels gemaak wat oral in die wêreld in museums en galerye vertoon word, waar die tutus verskil van museum tot museum. (4)

2.2 *Hierdie is 'n lae-orde vraag. Daar moet vertel word wat Rodin se werk in FIGUUR 2b so avant-garde maak:*

Rodin was die bekendste beeldhouer van sy tyd wat uiters komplekse idees uitgevoer het, met baie klein besonderhede van die menslike vorm. In hierdie werk is die oppervlakte-tekstuur nie verglad nie, om sodoende nie alleenlik die spel van lig te verken nie, maar ook die ekspressie van gevoelens eerder as gelaatstrekke, asook die verwantskap met Impressionisme. (2)

2.3 *Hierdie is 'n medium-orde vraag. Die invloed van Fauvisme en die aanloop tot Kubisme moet bespreek en verduidelik word aan die hand van die skildery in FIGUUR 2c, in minstens 'n halwe bladsy:*

Die jukstaplasing van kleurvlakke is so dekoratief soos die Fauviste dit gedoen het en die kleure is vryelik gekies, suiwer soos vanuit die buis. Die aanwending is ru-weg soos in pointelisme, dit wil sê nie heeltemal sulke fyn divisionisme nie, maar in groter kolle en wel op 'n patroonagtige wyse neergelê. Die skaduwees is ook meer dekoratief soos in Fauvisme, asook met omlyning in blou by die skouers, hoed, gesig en strik, soos in baie van die Fauvisme-werke.
Die vervlakking van diepte dui op Kubisme, asook die wyse waarop vorms in die agtergrond mekaar binnedring. Die strik op die hoed is soos opeengestapelde geometriese blokke wat die kyker uitnooi om die strik vanuit meer as een hoek te beskou. Die strik is ook deels abstrak en sou onherkenbaar as lint/strik gewees het sonder die ander besonderhede van die hoed en gesig.
Vorm is hier ook meer ondergeskik aan kleur soos by die werke van Fauviste soos Henri Matisse, en die invloed van Fauvisme duidelik oorheersend met die oorgang vanaf Impressionisme. (8)

2.4 *Hierdie is 'n hoë-orde vraag. In minstens 'n halwe bladsy moet die werk in FIGUUR 2d geëvalueer word om insig te toon in die kulturele konteks:*

Die naturalistiese waterverfwerke van Pemba, toon invloede van Impressionisme in die ligeffekte wat deur hom beklemtoon word. In sy los, sketserige styl, beeld hy die alledaagse toneel meesterlik uit met die uitbundige liggaamstaal van arms hoog in die lug by aanskoue van die bottels drank wat aangedra word. Aan die Westerse kleredrag van die aankomelinge, kan gesien word hoe hulle in Blanke gebiede waarskynlik huiswerkers is en moontlik aan die einde van die maand kom feesvier aan huis van iemand wat nog in meer tradisionele drag geklee is met nie alleen die kenmerkende kopdoek nie, maar ook die tradisionele romp en omvoukombersie van die Xhosa vroue. Die gesigsuitdrukkings is individueel naturalisties en vrolik. Die herhaalde figure na agter, met sagte rande en pastel kleure, toon verder die invloed van Impressionisme. Die werk hoef in komposisie, styl en tegniek, nie terug te staan vir Westerse skilderprestasie nie. (6)

**[20]**

## VRAAG 3: VROEG 20^ste^-EEUSE KUNS

*Talle veranderinge het mekaar al vinniger en vinniger in die laat 1900's in politiek, verstedeliking, industrialisering, energiebronne, ontdekkingsreise selfs in die buitenste ruim en baie meer opgevolg.*

*Massamedia is nog 'n ontwikkeling wat die mensdom met 'n vloedgolf getref het. Individuele kunstenaars moes kies watter rol elkeen in die veranderende wêreld sou probeer vervul.*

*Kirchner het uitdrukking gegee aan depressie en so was elemente in sy werke dikwels simbolies.*

*Kadinsky het probeer om dieselfde effek by 'n kyker te verkry as wat 'n pragtige musiekstuk op 'n luisteraar sou hê.*

3.1 *Hierdie is 'n lae-orde vraag. Die werk in FIGUUR 3a moet gedefinieer word t.o.v. waar en hoe die kunstenaar in sy benadering die lewe probeer hanteer of weergee:*

Die lyntekening links in die agtergrond op die vloer, dui op die kunstenaar se eie ateljee of werkplek en die ongemaklike doekrangskikking in die stillewe is duidelik opgestel om na-geskilder te word, soos 'n kunstenaar in sy ateljee sou doen. 'n Grepie van die lewe van die kunstenaar self kan hier gesien word ook aan die tekening wat op die vloer teen die muur rus. In die styl van die kunstenaar is kleur alles en vorms en lyn asook spasies of ruimte, is aan kleur ondergeskik. Die dekoratiwiteit word verder verhoog deur die ongewone helder sintetiese verf deur Fauviste gebruik. (3)

3.2 *Hierdie is ŉ lae-orde vraag vir 3 punte aangaande die herroeping van kenmerke en die afleiding oor betekenis vir 2 punte, is medium orde.*

In FIGUUR 3b is Duitse Ekspressionisme duidelik aan die distorsie, energieke kwasmerke en kras kleure wat oorheersend in die vervalle maer gesig is en in die grysblou velkleur wat streperig vertoon. Die toutjies-haarkuif en deurmekaarspul op die skinkbord voor haar, beklemtoon die chaos in haar lewe en die wêreld se omstandighede in daardie tyd net voor die Tweede wêreldoorlog. (5)

3.3 *Hierdie is ŉ medium-orde vraag. Met verwysing na die aanhaling aan die bokant, moet in minstens ŉ halwe bladsy, die hantering van kunselemente en beginsels in die werk van FIGUUR 3c, verduidelik word:*

Sy titel is uit musiek geneem. Gedrewe deur onderbewuste gevoelens, het hy kleur as die sleutelbord, die oë as die hamers en die siel as die klavier met baie stringe beskou.
Die regte wêreld word glad nie beskryf nie en hy gee hoogstens herhaling van kleure, lyne en vorms om ritme te skep, maar laat die kyker toe om sy eie melodie te lees. Die werk is dus nie-figuratief. Kadinsky het geteoretiseer dat geel byvoorbeeld die kleur is van middel C op ŉ koper trompet. Swart is die kleur van afsluiting en die einde van dinge en die kombinasie van kleure lewer frekwensie vibrasies, soos die koorde wat op ŉ klavier gespeel word. (6)

3.4 *Hierdie is ŉ hoë-orde vraag. Die styl en fase moet benoem word waaronder die kunswerk van FIGUUR 3d ressorteer. In minstens ŉ halwe bladsy moet die elemente en beginsels wat daarin aangewend is, geanaliseer word:*

In hierdie benadering is daar sterk ooreenkoms met die Duitse Blaue Reiter groep se benadering van beplande eksperimentering met vorms en die uitdrukking van emosies in die ontvlugting van chaos en die toevlug tot die natuur, asook die voorliefde vir blou. Die res van die kenmerke is egter baie meer eie aan wat later as Analitiese Kubisme(1910–11) geklassifiseer is.
Hierdie is ŉ tipiese stillewe as tema en simultanisme is te sien in al die herhaling van fragmente van die voorwerp/e vanuit verskillende gesigspunte.
Let op die ruimtes rondom as klein en geometries gefragmenteerde skerpkantige fasette, om die tendens van gelyktydigheid uit te beeld, wat dit baie kompleks maak. Ruimtes is verplat in die proses van visuele ondersoek.
Die oppervlak is verryk met, gebroke kwashale om fasette te onderskei.
Beperkte palet van okers, bruine en groene is gebruik en integrasie vind plaas tussen voor- en agtergrond, maar soos altyd op die werklikheid gebaseer. (6)

**[20]**

## VRAAG 4: ARGITEKTUUR

*Sekere kunstenaars en argitekte van vaste style, het ’n groot invloed op die Internasionale styl van argitektuur gehad. Sommige van hierdie voorlopers het besondere onderrig gegee aan toekomstige argitekte van die Moderne en Post-eras.*

4.1 *Hierdie is ’n lae-orde vraag. In ’n kort opstel van minstens ’n halwe bladsy moet die styl en kenmerke benoem word van die gebou in FIGUUR 4a. Daar moet ook vertel word waarteen die kunstenaars gekant was en waarin hulle geglo het:*

De Stijl kunstenaars was gekant teen individualisme en enige vorm van tradisie. Hulle het geglo dat samehorigheid in harmonie die weg kon baan tot ’n Utopiese toekoms van orde en sosiale harmonie. Argitekturele ruimtes is deur argitekte gerangskik met die oog op funksie en harmonie, deur die gebruik van geometriese, abstrakte vorms en die aanwending van primêre kleure. Die klein losstaande voorstedelike huis van Figuur 4a, is byna ’n drie-dimensionele uitbeelding van ’n skildery deur Mondrian, waarvan die plat dak, kubieke vorms, gebrek aan versiering, groot vensters in horisontale stroke met die oppervlakke in wit en skakerings van grys, ’n gewiglose kwaliteit weergee, terwyl vensterrame, deurrame en ander liniêre elemente (soos die balkonrelings) in swart, fyn afronding verleen aan die groot plat oppervlakke in wit en skakerings van grys. (6)

4.2 *Hierdie is ’n medium-orde vraag. Daar moet in ongeveer ’n driekwart bladsy bespreek word hoe Le Corbusier in die huis van FIGUUR 4b daarin geslaag het om reg te laat geskied aan sy mening dat ’n huis ’n masjien is om in te woon.*

Le Corbusier het sy ontwerpe gebaseer op die lengte van ’n man (modulêre) en hierdie huis is ’n suiwer voorbeeld van die Internasionale styl in die toepassing van die Vyfpuntplan en gevolglike funksionaliteit: *Piloti* – pilare lig die huis bokant die grond en skep ruimte vir parkering asook toegang tot die hysbak wat kernagtig toegang tot die gebou verleen na bo. *Daktuine* danksy die plat dakke, waar tegnologie selfs by hoë reënval probleme voorkom. *Oopplan* omdat gewigdraende mure uitgeskakel is danksy gewapende beton en kon mure nou enige vorm of patroon aanneem. Die *vrye fasade* –buitenste mure kon ook nou dun membrane wees net soos binnemure en het dus nie beperkings geplaas op waar en hoe aansigte daar moes uitsien nie. Sogenaamde *horisontale bande van glas* kon selfs rondom hoeke gevou word in plaas van tradisionele standaardvensters. Die boonste dek van die solarium herinner aan een op ’n stoomskip met die silindriese vorm in kontras met eenvoudige reghoeke en plat areas, losstaande van die omringende natuur. (8)

4.3 *Hierdie is ʼn hoë-orde vraag. In minstens ʼn halwe bladsy moet die hantering van kunselemente in die ontwerp en konstruksie van die Hoë Tegnologie gebou van FIGUUR 4c en die Dekonstruktivisme in die gebou van FIGUUR 4d, vergelyk word, met verwysing na die volgende:*

- Lyn - Die Hoë Tegnologie gebou van FIGUUR 4c is ʼn toonbeeld van grasie en rasionele orde. Selfs herhalende kurwes lê vertikaal en skep illusie van styging teenoor die wanorde aan die ontwerp van die huis Santa Monica, waar talle verskillende lyne geen harmonieuse patroon vorm nie, siende dat in Dekonstruktivisme hulle gekant is teen geordende rasionaliteit van Modernisme.
- Vorm - ritmiese herhaling van verspreide sirkelvormige volumes teenoor chaos van brokkies en stukkies sonder enige rasionaliteit en die losheid lyk eerder na ʼn ontploffing van fragmente (onvoorspelbaarheid).
- Ruimte - gemaklike interaksie van gekurfde balkonne met ruimtes tussenin en netjiese snyding deur die omringende ruimte van die omgewing, teenoor die beknopte voorkoms van die woning se volume asof dit die omringende ruimte eerder versteur met die diagonale lyn en “skyf”-ruimte.
- Tekstuur - die gladde tekstuur van die materiaal kontrasteer treffend met die patroon van diagonale lyne en skadu’s teenoor die dowwe voorkoms van Huis Santa Monica waar die verskeidenheid van teksture nie treffend afgebaken is om goeie kontraste te vorm nie.
- Effekte van bepaalde toegepaste beginsels laat die Lloyds gebou voorkom asof dit ʼn ruimteskip is wat sopas geland het en grasieus uittoring bo die gewone aardse omringende omgewing, teenoor die chaotiese voorkoms van Huis Santa Monica wat lyk asof dit in duie stort, waar selfs die trappe voorkom asof dit gebreek is in die verbreking van reghoekigheid en die “boks”-vorm, met ʼn totale wegbreek van die ornamentele.

Die beheersde chaos van Dekonstruktivisme moet duidelik na vore kom waar hulle argitektuur eintlik probeer wegsteek, teenoor die ordelike en harmonieuse beplande Hoë Tegnologie gebou. (6)

**[20]**

## VRAAG 5: TUSSEN DIE TWEE WÊRELDOORLOË

*Die skrywer Ernst Hemingway het gesê dat die meer as vier jaar lange Eerste Wêreldoorlog, die moorddadigste slagting ooit op aarde was. Dit was ook die wydverspreidste oorlog ooit bekend in die wêreld.*

5.1 *Die beskryf-gedeelte is 'n lae-orde vraag en die bespreking van hul woede-uitdrukking is medium orde: Die invloed van die Eerste Wêreldoorlog moet herroep word en in die lig daarvan moet die tegniese benadering van die onderskeie twee Dadaïste in die werke van FIGURE 5a en 5b beskryf word, om hul uitdrukking van rebelse woede in 'n vertelling van ongeveer 'n driekwart bladsy uit te lig:*

Na die Eerste Wêreldoorlog het die Dadaïste protes aangeteken teen sosiale en politieke kwessies. In 'n vakansiehuis het Hausmann 'n generiese portret gesien van soldate, waarop die eienaar vyf maal stukke foto's van die koppe van sy eie seuns geplak het. Hausmann was dadelik geïnspireer om foto's van die media en rolprente op te knip en vryelik te collage. Afbreking as 'n handeling van skepping, was sy vertrekpunt om sy anti-kuns "establishment"-houding te ondersteun. Soos sy Ekspressioniste vriende, het hy aanvanklik ook geglo dat die oorlog 'n nodige suiweringsproses sou wees, vandaar sy afbrekende benadering in die fotomontage kuns soos in FIGUUR 5a, waarin individuele foto's of fotografiese reproduksies saamgevoeg is om 'n nuwe onderwerp of visuele beeld te skep. Die onderstebo syfers en gesig met wydgerekte mond, met blokkie tussen die tande, lyk soos iemand wat oor iets op sy tande byt terwyl hy eintlik daaroor wil uitskree. Die woord "merz" is 'n stukkie van die briefhoof van KomMERZbank. Ander afvalprodukte soos tremkaartjies, verpakkingsmateriaal, tydskrifopskrifte en ander rommel, is treffend gerangskik. Soos ook die kunstenaar Schwitters, het Hausman formele kunselemente planmatig aangewend, siende dat hulle nie saamgestem het met Duchamp en ander Dadaïste om totaal anti-kuns te wees nie.
Marcel Duchamp weer het 'n afdruk van die *Mona Lisa* met disrespek hanteer om doelbewus te rebelleer teen die verheerliking van gevestigde Renaissance kunswerke, deur die ikoon met 'n bokbaardjie en 'n snor (in potlood gedoen), uit te beeld, soos te sien in FIGUUR 5b. Daarby het hy die letters L.H.O.O.Q. gevoeg. Dit is in Frans foneties die ekwivalent van "sy het mooi boude", om te verwys na die oorspronklike kunstenaar, Da Vinci, se homoseksualiteit. Hierdeur het hy die spot gedryf met tradisionele kunswaardes, afgryse getoon teen die heersende orde in kuns, kuns as sulks verwerp om te probeer bewys dat niks kuns is nie of dat niks waardevol is nie, maar dat alles in die wêreld betekenisloos is. (8)

5.2 *Hierdie is ŉ medium-orde vraag. In ŉ halwe bladsy moet die kunstenaar se tegniek bespreek word in die lig van die styl wat uit Dada ontstaan het, soos te sien in die werk van FIGUUR 5c:*

Die werk stel die verwoesting voor van ŉ samelewing wat in duie gestort het, soos tydens die Tweede Wêreldoorlog. Die tegniek is soortgelyk aan frottage, waar verf oor die doek versprei word en dan voordat dit droog is, saamgedruk word om ŉ fantasie-landskap te skep. Die detail van figure en pilare word in kleurskakerings bygevoeg om dan ŉ figuratiewe illusionistiese droom-realiteit van die onderbewussyn te skep. Baie onmoontlikhede word so realisties weergegee, dat dit soos in ŉ nagmerrie oortuigend oorkom. So is Surrealisme vanuit Dada meesal gekenmerk deur gladde tekstuur eerder as grof, met ongelooflike werklike kleure, soos in die lugruim, waar ruimte en diepte baie realisties weergegee word, dikwels in oortuigende verre landskappe. In hierdie werk is die figure en pilare egter baie ryk aan tekstuur, danksy die dikker verf en saamdruk-tegniek, om die samesmelting van verval weer te gee. Met die tegniek van samedrukking, laat die verwydering van die papier of ander materiaal, egter ŉ gladde aanrakings-afwerking na. (6)

5.3 *Hierdie is ŉ hoë-orde vraag. ŉ Surrealistiese werk deur ŉ Suid-Afrikaanse kunstenaar van die leerling se keuse, moet benoem en geïnterpreteer word.*

*Die werk in FIGUUR 5d mag wel gebruik word. In minstens ŉ halwe bladsy moet die volgende aangeroer word:*

- *Benoem die werk en kunstenaar*
- *Verwys na spesifieke kenmerke van Surrealisme in die werk*
- *Staaf jou interpretasie*

**Indien** die werk van Mason in FIGUUR 5d bespreek word, kan die akrobatiese koplose figuurtjies al op die "dame" se rugstring langs, as't ware beskou word as uitwendige rugwerwels en die hele liggaam is ŉ collage van dosyne miniatuur babafiguurtjies in pastelblou en kras geel. Die twee dun rooi drade simboliseer skynbaar onder andere vroulike eierstokke, waarbinne ŉ babafiguurtjie hang, leweloos en gedoem, soos wat babas in ŉ konsentrasiekamp geen vooruitsigte gehad het op lewe nie. Die drie bokkoppe kan demoniese offerandes simboliseer. Die vrou se skedel kom dood en leweloos voor, asof sy geen sin oor het om te lewe nie, geen oor om meer te luister nie en ŉ blou kneusing waar haar oog behoort te wees, met motte wat reëlmatig om haar kop vlieg, dui op futiliteit. Die dubbelsinnigheid van die eierstokke wat ook haar arm is waarna sy gesigloos staar, word herhaal in die dubbelsinnige pers skaduwees van die bokkoppe. Die onmoontlike is afstootlik oortuigend en die hele komposisie is totaal weersinwekkend soos ŉ afgryslike nagmerrie. (6)

**[20]**

## VRAAG 6: OORSIG VAN POST-1946 KUNS

*Tydens die Tweede Wêreldoorlog het talle mense uit Europa na Amerika gevlug. Van die kunstenaars onder hulle het rasionele en formalistiese neigings gehad, terwyl ander anti-rasioneel en emosioneel was. Hoewel hierdie Europese kunstenaars direkte teenoorgesteldes was, het Amerikaanse kunstenaars beide groepe as invloede aanvaar.*

6.1 *Hierdie is ŉ lae-orde vraag. In ŉ kort opstel moet vertel word aangaande die werk van FIGUUR 6a, waartoe die benadering van Mondrian ontwikkel het in die besondere tendens of beweging waarbinne hy homself met hierdie werk geskaar het:*

Na die verwarring van die twee wêreldoorloë het die kunstenaars van Abstrakte kuns weggebreek van konvensionele Naturalistiese onderwerpe, na fisiese handeling van die kunstenaar, asook na merkmakery van verf op die skilderdoek met groot vlakke kleur, asook na persoonlike ondervindinge. Hulle het ook onttrek uit die onderbewussyn, en dít alles het die sentrale onderwerp geword. In hierdie werk is dus geen figuratiwiteit te bespeur nie. Dit is uiters rasioneel, formalisties en suiwer abstrak benader. Daar is geen emosionaliteit in die vorm van merkmakery, of distorsie nie en die reghoekige blokkies van verskillende groottes en rigtings, is klinies suiwer. Die purisme is ook duidelik te sien aan die ordelike lynstrukture. (6)

6.2 *Hierdie is ŉ medium-orde vraag. Die twee werke van FIGURE 6b en 6c moet in minstens ŉ driekwart bladsy bespreek word om insig te toon in die styl-benaderings van De Kooning en Pollock onderskeidelik. Elke werk moet onderskeidelik duidelik benoem word wanneer benadering, media en resultaat van elk verduidelik word:*

In FIGUUR 6b sien ŉ mens dat die skilderdoek ŉ arena vir aksie geword het, waar De Kooning kon anliseer, hervervaardig en die vrou se liggaam eerder as ŉ ruwe landskap weergegee het. Hy het eerder die doek met verf in die hand benader en uitdrukking gegee aan sy emosies op ŉ uiters ekspressiewe wyse, met geen plan of beeld vooraf in sy kreatiewe denke nie. Die kwasmerke verwring die vroulike liggaam en die strak kleure is glad nie vleiend nie. Die komposisie is figuratiewe Abstrakte Ekspressionisme weens die distorsie en emosionele kwasmerke en kleurkeuses.

In FIGUUR 6c het Pollock gewerk op ŉ baie lang doek wat op die vloer uitgestrek en afwisselend aan ŉ gordynstaaf opgehang is vir verskillende effekte tydens die skeppingsproses, waar hy skynbaar met die patroonryke werk buite die raamwerk van die buiterande voortgegaan het, asof geen buiterande bestaan nie. Hy het die elemente aangebring in besige spatsels en kurwes van blougryse, rooi, wit en geel in verskillende diktes, wat uiters ingewikkeld ineengevleg neergelê is oor ŉ agtergrond van swart, wat uiteindelik net-net sigbaar is. Bo-oor is dan die dikker diagonale lyne wat pale verteenwoordig. Teen die neutrale agtergrond vertoon die sekondêre oranje soos ŉ primêre kleur en is die beginsel van kontras baie sterk teenoor die neutrale wit, swart en gryse. Die oënskynlik knopperige pale lyk verstrengel in die beknoptheid van ragfyne wit draadjies soos gare en die gele en oranje soos gepluisde sydraadjies met klein ruimtetjies soos midde in ŉ spinnekop se web en is nie-figuratiewe Abstrakte Ekspressionisme. (8)

6.3 *Hierdie is 'n hoë-orde vraag. In ongeveer 'n halwe bladsy moet die twee abstrakte werke van FIGURE 6c en 6d ten opsigte van die hantering van kunselemente en die toepassing van kunsbeginsels, vergelyk word:*

Pollock se werk is gevul met dieselfde delikate fyn lyne wat so baie herhaal word, dat die illusie van tekstuur patroonryk en ritmies die kyker uitnooi om oral rond te kyk, dus ryk aan energie, teenoor die werk van Rothko waar vereenvoudiging simmetries is met diagonale lyne en gladde tekstuur, gevolglik rustig ten spyte van die warm kleure. Die kyker se reaksie is gevolglik kalmte, ook omdat die oppervlak nie geverf voorkom nie, maar asof subtiel gekleurd. Rothko se spirituele benadering is duidelik in hoe die verf in dun onderlae die doek ingesypel het en daar op die rande subtiele vermenging plaas-vind, teenoor die kontraste van definitiewe rande en kleure in die werk van Pollock. (6)

**[20]**

## VRAAG 7: NUWE MEDIA

*Daar is voortdurend nuwe invloede in die moderne wêreld en wat vandag nuut is, kan letterlik môre dalk as outyds beskou word. Omdat bekende media nie meer deur almal as relevant beskou word nie en dalk as vervelig, outyds of nutteloos verwerp kan word, het kunstenaars dus die neiging om gedurig nuwe benaderings en media aan te wend.*

7.1 *Hierdie is 'n lae-orde vraag. Met verwysing na werke soos die in FIGUUR 7a, moet in ongeveer 'n halwe bladsy vertel word hoe Calder sy mobiele beeldhouwerke op verskillende wyses geaktiveer het:*

Met gemanipuleerde bronsdraad en yster plaat word vorms aan mekaar vasgesweis om figure te vorm. Dit word geverf, soms op hout gemonteer en soms van iets laat afhang om werklik te beweeg in onvoorspelbare lugstrominge, vandaar die benaming Kinetiese kuns. Vir daardie oomblik verander die verhouding tussen verskillende dele van die kunswerk. Hierdie soort mobiel is 'n anti-swaartekragkaskade. Ander kere word dit staangemaak om skadu's teen die muur te gooi met beligting uit meer as een rigting, wat die beelde dan in silhoeët van verskillende toonwaardes herhaal, om beweging, diepte en afstand te suggereer, wat 'n spel is tussen vorm, grootte, kleur, gewig, ruimte, balans en beweging, wat aan die industriële materiale 'n gevoel van spasie en delikaatheid verleen. (6)

7.2 *Hierdie is 'n medium-orde vraag. In 'n bespreking van minstens 'n halwe bladsy, moet weergegee word hoe Riley eerder kragte wou weergee soos wat sy dit waargeneem het, as om statiese voorkoms weer te gee, met verwysing na die werk van FIGUUR 7b:*

Hier is 'n totale abstrakte styl waar herhalende organiese lyne 'n patroon vorm om 'n effek te skep van die dinamisme van die verkenning van lig. Die gedisoriënteerde effek van illusionêre beweging vir die oog van die kyker, is 'n gebeurtenis eerder as 'n voorkoms. Hierdie werk in swart en wit is tipies van haar vroeë werke. Op 'n later stadium het sy soortgelyke komposisies ook in kleur gedoen. Die gebruik van gereelde patrone van lyne bedek die totale oppervlak van die skildery. Dit skep 'n patroon van rimpels soos die golwe op

die oppervlak van 'n stroom. Die werk is non-figuratief en slegs 'n verwysing na dinge, bewegings en patrone wat sy waargeneem het. Die lyne vorm parallelle patrone wat lyk asof dit vibreer en vorm drie-dimensionele induikings wat lyk asof dit beweeg of bewe op die skilderdoek. Een van Riley se doelwitte was om 'n aktiewe ruimte te skep tussen die skilderoppervlak en die kyker. Die formele elemente is baie versigtig beplan sodat die positiewe en negatiewe suggesties van vorms 'n visuele spanning kon skep in die kyker se gedagtes, wat die illusie van beweging gee, selfs al is die kunswerk eintlik staties en twee-dimensioneel. (8)

7.3 *Hierdie is 'n hoë-orde vraag. In minstens 'n halwe bladsy moet besondere kenmerke van Superrealisme geïnterpreteer en gestaaf soos te sien in die werk van FIGUUR 7c, met verwysing na buitengewone media, asook soos in 'n hiper-realistiese skildery wat die leerling bestudeer het. Die skildery moet benoem, beskryf en geïnterpreteer word:*

In die figuratiewe uitbeelding van hierdie lewensgroot veselglas-versterkte poliësterharpuis-beelde, met olieverf beskilder, word normaalweg nie enige emosies weergegee nie en is meer verteenwoordigend van 'n kil objektiwiteit, met geen verwysing na die persoonlikheid of emosies van die kunstenaar nie.

Die werklik kledingstukke saam met die korrekte kleure en toonwaardes vir die gelaatstrekke, is skokkend realisties tesame met die werklike bykomstighede. Die strukturele plasing, in hierdie geval op 'n grassnyer, laat die publiek die teenwoordigheid van die beelde werklik ervaar, asof hulle met die publiek interaksie het en die kyker beleef wat die beeld skynbaar doen, dink en aanskou.

Die onderwerpmateriaal is die konsep van *voorstedelike* Amerikaanse realiteit en kunsmatigheid in die meeste van sowel die beeldhouwerke as die skilderye, daarom is die kopiëring van 'n foto beskou as 'n belangrike deel van die onderwerp.

In skilderye is tradisioneel gebalanseerde komposisies gebruik en kunstenaars soos Estes en Goings het foto's gebruik wat soortgelyk is aan die komposisies van die Impressioniste, in die sin dat verskeidenheid van oppervlakke en ligeffekte daarin, momenteel en lukraak voorkom. Morley het byvoorbeeld opsetlik dele van fotografiese materiaal, soos poskaarte en advertensies vanuit tydskrifte gebruik en dan herskep.

Die realistiese vorms van mense, voorwerpe en die omgewing is presies gereproduseer met skerp gedefinieerde buitelyne om 'n gedetailleerde illusie van die drie dimensionele wêreld te skep. Sommiges het wasigheid ingesluit en ander het op koel kleure gefokus om weerkaatsings in vensters mee weer te gee as onderwerp.

Verf is uiters egalig aangewend met geen sigbare tekens van kwasmerke nie. Sommiges het selfs tekenspuit ("airbrushing") as tegniek aangewend. (6)

**[20]**

## VRAAG 8: DIE KUNSWÊRELD

*Waar is die kunswêreld? Slegs in die kunstenaar se ateljee en in galerye? Wat dan van die model wat deur die kunstenaar gebruik word? Wat van die toneel wat hom geïnspireer het? Wat van die gebeurtenis of ervaring wat beïnvloed? Wat van diegene wat met die kunstenaar verkeer of tussen die kunsprodukte heen beweeg en leef? Wie doen en wie ervaar? Waar is die kunswêreld dus? Wie is deel hiervan?*

8.1 *Hierdie is 'n lae-orde vraag. Met verwysing na die werk in FIGUUR 8a, moet die inspirasie asook die ervaring van die kunstenaar gedefinieer word en daarna die betrokkenheid van die kyker:*

'n Foto deur die professionele fotograaf, Art Rogers, was die inspirasie vir die geverfde houtbeeldhouwerk van die kunstenaar Jeff Koons, vir hierdie werk genaamd "'n String Klein Hondjies". Ten spyte daarvan dat die hof bevind het dat die nabootsing nie 'n parodie was nie en Koons 'n boete moes betaal, het hy as tweede kunstenaar dalk meer beleef in die skeppingsproses as die fotograaf self, weens sy fisieke kreatiewe uitbeelding. Kykers wat meer aangetrokke voel tot driedimensionele weergawes, word tot reaksie uitgedaag en dit mag wissel van kritiek tot waardering van een persoon tot die volgende persoon. (4)

8.2 *Met die moontlike doel van die kunstenaar van die werk in FIGUUR 8b in gedagte, moet die toepassing van kunsbeginsels en die trefkrag daarvan, beskryf word. Die beskrywingsgedeelte is 'n lae-orde vraag vir 2 punte, terwyl die verduideliking aangaande trefkrag medium orde is, vir 2 punte:*

Wegman het dit geniet om sy honde te fotografeer, want "honde se persoonlikhede skyn deur voor die kamera", het hy gesê. Sy hond, Man Ray, het "baie kalm en geïnteresseerd" geword. Uit hierdie opmerkings deur die kunstenaar, is dit bevestig dat dit sy doel was om die persoonlikhede van sy objekte te ondersoek. Die trefkrag lê in die donker stewels wat al vier agtertoe wys en die geïnteresseerdheid van die hond wat ook agtertoe kyk, skynbaar om te kan vasstel waarheen die weerbarstige stewels aan sy pote, oppad is. Die kurwes van die stewels komplimenteer die kurwes van die hond se lyf en dus is dit duidelik dat lyngebruik harmonieus aangewend is. Die omringende ruimtes word met oortuigende diepte voorgestel, danksy die subtiele skaduwees. Ander toegepaste kunsbeginsels mag ook genoem word met stawing van verduideliking. (4)

8.3 *Hierdie is 'n medium-orde vraag. In ongeveer 'n halwe bladsy moet die leerder aangaande die werk van FIGUUR 8c bepaal hoe Banksy die publiek betrek, in verband met die volgende:*

*Nuwe Media*: Verfspuit op publieke mure wat gewoonlik oornag aangebring word, het dan die volgende dag die verrassingselement vir die verbygangers wat natuurlik ook aangetrek word deur:
*Effektiewe toepassing van kunsbeginsels,* soos die chiaroscuro vir kontras, die klem deur die aller witste twee areas van die selfoonskerms, wat terselfdertyd die twee persone se koppe raam, waar die klem behoort te wees indien die verskuilde boodskap nie ter sprake sou wees nie! Al die ligte areas in hul verskillende toonwaardes, skep pragtig ritme van verskillende slagmaat.
*Maatskaplike waarde*: Die onderliggende boodskap aan die publiek is opvoedkundig van aard om te beklemtoon hoe die tegnologie vandag die mens beheer en selfs die belangrikste intieme verhoudinge kan belemmer. (6)

8.4 *Hierdie is 'n hoër orde vraag.* 'n Werk in Nuwe Media wat bestudeer is, wat nie in hierdie vraestel voorkom nie, moet benoem, beskryf en evalueer word in minstens 'n halwe bladsy.

Daar mag verwys word na die volgende:

- Doel
- Impak
- Waarde (6)

**[20]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou